# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Verdeel die jongmense in kleiner groepe van drie tot vyf. Gee vir elke groep een rubberrekkie, en ’n stuk tou of wol vir elkeen in die groep. Laat die jongmense hulle stuk tou of wol aan die rekkie vasbind.

Verduidelik vir hulle dat elke groep ’n toring met weggooibare glasies gaan bou. Hulle gaan die rekkie en die toue gebruik om die glasies langs en bo-op mekaar te stapel. Hulle moet aan die toue trek om die rek groter te maak sodat dit oor die koppie kan pas. Hulle kan dan die koppie optel en op die toring neersit. Kyk watter groep die hoogste toring kan bou.

*Opsioneel:* Wys gerus **hierdie voorbeeld vir die groep. (https://youtu.be/Jdbvp_qW9CY)**

Ons gaan vandag oor Nehemia gesels. Hy wou die muur rondom Jerusalem herbou nadat dit verwoes is.

## WONDER

Lees Nehemia 2:1-10 saam.

Gesels saam:

- Nehemia was bang voordat hy met die koning gepraat het. Hoe tree hy op te midde van sy vrees?
- Moes jy al ooit iets soortgelyks doen?
- Hoe bemoedig Nehemia se voorbeeld van geloof jou in ’n oomblik van vrees?
- Ons lees dat God die koning se gesindheid teenoor Nehemia beïnvloed het. Het God al ooit een van jou gebede op ’n verrassende manier geantwoord?
- Nehemia het nie die muur net ter wille van homself herbou nie. Hoe laat die teksgedeelte jou anders dink (of jou gedagtes bevestig) rondom jou rol in die geloofsgemeenskap?

## WEES

Die muur self was nie vir Nehemia so belangrik soos dit wat die muur verteenwoordig het nie. Die herbou van Jerusalem het die Israeliete aan hulle identiteit herinner. God het reeds met Abraham 'n verbond gesluit en daardie belofte geld steeds.

Laat die jongmense saam 'n muur bou. Gee vir elkeen 'n paar kleefnotas. Dié notas verteenwoordig die bakstene.

Skryf ten minste een ding in elk van die volgende kategorieë op 'n kleefnota (een ding per nota):

- Die waardes wat vir jou belangrik is.
- Wat jy van God leer in hierdie gedeelte.
- Die drome wat jy vir die groep en die gemeente het.

*Nota:* Voeg gerus nog kategorieë by wat in julle konteks pas.

Plak die kleefnotas teen 'n muur, soort by soort. Gesels dan saam oor wat die muur sê oor wie die groep is.

## WEGSTUUR

Laat elke jongmens een van die "bakstene" kies om saam met hulle huis toe te neem. Let hierdie week op hoe jy die groep se identiteit in ander ruimtes uitleef.

---